REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE
STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 10c PRYS
OVERSEAS 15c OORSEE
POST FREE — POSVRY

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 40] PRETORIA, 25 OCTOBER 25 OKTOBER 1968 [No. 2197

30 OCT 1968
LIBRARY

PARLIAMENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

HOUSE OF ASSEMBLY

Pursuant to section 176 of the Electoral Consolidation Act, 1946, I hereby declare that on account of the death of Mr Andries Nortje Steyn on the 28th September 1968, a vacancy has occurred in the representation in the House of Assembly of the Electoral Division of Graaff-Reinet.

R. J. McFARLANE,
Secretary to the House of Assembly.

House of Assembly,
Cape Town, 7 October 1968.

PARLEMENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

VOLKSRAAD

Ooreenkomstig artikel 176 van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946, verklaar ek hiermee dat daar weens die dood van mnr. Andries Nortje Steyn op 28 September 1968 'n vakature ontstaan het in die verteenwoordiging in die Volksraad van die Kiesafdeling Graaff-Reinet.

R. J. McFARLANE,
Sekretaris van die Volksraad.

Volksraad,
Kaapstad, 7 Oktober 1968.

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. 317, 1968

URBAN AREA OF SALT ROCK-SHEFFIELD BEACH.—CURFEW

Under the powers vested in me by section 31 (1) and (5) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I hereby declare that, with effect from the date of promulgation hereof, no Bantu, male or female, not being exempted under subsection (4) of the said section, shall between the hours of 10 p.m. and 4 a.m. be in any public place within the area controlled by the urban local authority of Salt Rock-Sheffield Beach, unless such Bantu be in possession of a written permit signed by his employer or by a person authorized by such employer to issue such permit to such Bantu or by some person authorized by the said urban local authority or

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 317, 1968

STADSGEBIED SALT ROCK-SHEFFIELD BEACH.—NAGPERMITTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 31 (1) en (5) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), verklaar ek hierby dat geen Bantoe, hetsy 'n mans- of vrouspersoon, wat nie kragtens subartikel (4) van genoemde artikel vrygestel is nie, met ingang van die datum van afkondiging hiervan tussen die ure 10 nm. en 4 vm. op 'n publieke plek binne die gebied onder die beheer van die stedelike plaaslike bestuur van Salt Rock-Sheffield Beach mag wees nie, tensy sodanige Bantoe in besit is van 'n skriftelike permit wat onderteken is deur sy werkgewer of deur iemand wat deur sodanige werkgewer gemagtig is om sodanige permit aan sodanige Bantoe uit te reik of deur iemand wat deur genoemde stedelike plaaslike bestuur of deur die Minister gemagtig

the Minister to issue such permits or by any member of the South African Police or of the South African Railways and Harbours Police of or above the rank of sergeant or in charge of a police station.

Proclamation No. 18 of 1960 is hereby repealed.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Bloemfontein on this Fourth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. C. BOTHA.

(A13/1988.)

No. 319, 1968

DECLARATION OF A GROUP AREA IN TERMS OF THE GROUP AREAS ACT, 1966, AT FIRGROVE, DISTRICT OF SOMERSET WEST, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under the powers vested in me by section 23 of the Group Areas Act, 1966 (Act No. 36 of 1966), I hereby declare that the area defined in the Schedule hereto shall, as from the date of publication hereof, be an area for occupation and ownership by members of the Coloured group.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Bloemfontein on this Ninth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

C. DE WET.

SCHEDULE

Beginning at the north-western beacon of Erf 1, Firgrove (Firgrove Township Extension 1 TP. 743 SD); thence south-eastwards along the boundaries of the said Erf 1 and Erf 2, so as to include them in this area, and Erf 3 to the point where the prolongation north-eastwards of the middle of the 15-feet road to the west of Erf 6 intersects the north-eastern boundary of the said Erf 3; thence south-westwards along the said prolongation to the point where it intersects the south-western boundary of the said Erf 3; thence north-westwards along the south-western boundary of the said Erf 3 to the south-western beacon thereof; thence north-westwards along the boundaries of the said Erven 2 and 1, so as to include them in this area, to the beacon first named.

No. 320, 1968

APPLICATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE COMMUNITY DEVELOPMENT ACT, 1966, IN AN AREA AT FIRGROVE, DISTRICT OF SOMERSET WEST, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under the powers vested in me by section 51 of the Community Development Act, 1966 (Act No. 3 of 1966), I hereby declare that the provisions of sections 16 to 23,

is om sodanige permitte uit te reik of deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawepolisie van of bo die rang van sersant of in bevel van 'n polisiestasie.

Proklamasie No. 18 van 1960 word hierby herroep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Bloemfontein, op hede die Vierde dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. C. BOTHA.

(A13/1988.)

No. 319, 1968

VERKLARING VAN 'N GROEPSGEBIED INGEVOLGE DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1966, TE FIRGROVE, DISTRIK SOMERSET-WES, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 23 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet No. 36 van 1966), verklaar ek hierby dat die gebied omskryf in die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie hiervan, 'n gebied is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Gekleurde groep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Bloemfontein, op hede die Negende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

C. DE WET.

BYLAE

Begin by die noordwestelike baken van Erf 1, Firgrove (Firgrove-dorpuitbreiding 1 TP. 743 SD); daarvandaan suidooswaarts langs die grense van genoemde Erf 1 en Erf 2, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word, en Erf 3 tot by die punt waar die verlenging noordooswaarts van die middel van die 15-vt-pad ten weste van Erf 6 die noordoostelike grens van genoemde Erf 3 kruis; daarvandaan suidweswaarts langs genoemde verlenging tot by die punt waar dit die suidwestelike grens van genoemde Erf 3 kruis; daarvandaan noordweswaarts langs die suidwestelike grens van genoemde Erf 3 tot by die suidwestelike baken daarvan; daarvandaan noordweswaarts langs die grense van genoemde Erwe 2 en 1, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word, tot by eersgenoemde baken.

No. 320, 1968

TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WET OP GEMEENSKAPSONTWIKKELING, 1966, IN 'N GEBIED TE FIRGROVE, DISTRIK SOMERSET-WES, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 51 van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet No. 3 van 1966), verklaar ek hierby dat die bepalings van

inclusive, 29 to 37, inclusive, and 47 of the said Act shall, as from the date of publication hereof, apply in the area defined in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Bloemfontein on this Ninth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

B. COETZEE.

SCHEDULE

Beginning at the north-western beacon of Erf 1, Firgrove (Firgrove Township Extension 1 TP 743 SD); thence south-eastwards along the boundaries of the said Erf 1 and Erf 2, so as to include them in this area, and Erf 3 to the point where the prolongation north-eastwards of the middle of the 15-foot road to the west of Erf 6 intersects the north-eastern boundary of the said Erf 3; thence south-westwards along the said prolongation to the point where it intersects the south-western boundary of the said Erf 3; thence north-westwards along the south-western boundary of the said Erf 3 to the south-western beacon thereof; thence north-westwards along the boundaries of the said Erven 2 and 1, so as to include them in this area, to the beacon first named.

artikels 16 tot en met 23, 29 tot en met 37 en 47 van genoemde Wet, vanaf die datum van publikasie hiervan van toepassing is in die gebied omskryf in die Bylae hiervan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Bloemfontein, op hede die Negende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

B. COETZEE.

BYLAE

Begin by die noordwestelike baken van Erf 1, Firgrove (Firgrove-dorpuitbreiding 1 TP 743 SD); daarvandaan suidooswaarts langs die grense van genoemde Erf 1 en Erf 2, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word, en Erf 3 tot by die punt waar die verlenging noordooswaarts van die middel van die 15-vt-pad ten weste van Erf 6 die noordoostelike grens van genoemde Erf 3 kruis; daarvandaan suidweswaarts langs genoemde verlenging tot by die punt waar dit die suidwestelike grens van genoemde Erf 3 kruis; daarvandaan noordweswaarts langs die suidwestelike grens van genoemde Erf 3 tot by die suidwestelike baken daarvan; daarvandaan noordweswaarts langs die grense van genoemde Erwe 2 en 1, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word, tot by eersgenoemde baken.

No. 321, 1968

REGISTRATION AS A COMPANY IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Whereas The Durban Navigation Collieries Limited, a company incorporated under the laws of England has applied in terms of section 201A of the Companies Act, 1926 (Act No. 46 of 1926), as amended, to be incorporated in the Republic of South Africa; and

Whereas The Durban Navigation Collieries Limited has a share capital and has a place of business in the Republic of South Africa; and

Whereas The Durban Navigation Collieries Limited has complied with the provisions of section 201 of the said Companies Act, 1926; and

Whereas The Durban Navigation Collieries Limited has satisfied me that—

(*a*) it conducts the whole or major portion of its business in the Republic of South Africa and that the greater part of its assets (other than interests in subsidiary companies incorporated outside the Republic) are situated in the Republic;

(*b*) the majority of its directors are or will be South African citizens;

(*c*) the majority of its shareholders are resident in the Republic;

(*d*) the company has resolved to make an application to be incorporated in the Republic;

(*e*) its registration as a company in England will, upon its registration as a company in terms of Chapter 1 of the Companies Act, 1926, be terminated in accordance with the laws of England;

(*f*) the company has lodged with the Registrar of Companies all the documents necessary for its registration as a company under Chapter 1 of the Companies Act, 1926, and has paid all fees and duties payable for the purposes of registration;

No. 321, 1968

REGISTRASIE AS 'N MAATSKAPPY IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Nademaal The Durban Navigation Collieries Limited, 'n maatskappy wat kragtens die wette van Engeland geïnkorporeer is, ingevolge artikel 201A van die Maatskappywet, 1926 (Wet No. 46 van 1926), soos gewysig, aansoek gedoen het om as 'n maatskappy in die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer te word; en

Nademaal The Durban Navigation Collieries Limited, 'n aandelekapitaal en 'n plek van besigheid in die Republiek van Suid-Afrika het; en

Nademaal The Durban Navigation Collieries Limited, aan die bepalings van artikel 201 van die genoemde Maatskappywet van 1926 voldoen het; en

Nademaal The Durban Navigation Collieries Limited my oortuig het dat—

(*a*) hy die geheel of die grootste gedeelte van sy besigheid in die Republiek van Suid-Afrika dryf en dat die grootste gedeelte van sy bates (behalwe belange by filiaalmaatskappye wat buite die Republiek geïnkorporeer is) in die Republiek geleë is;

(*b*) die meeste van sy direkteure Suid-Afrikaanse burgers is of sal wees;

(*c*) die meeste van sy aandeelhouers in die Republiek woonagtig is;

(*d*) die maatskappy besluit het om aansoek te doen om in die Republiek geïnkorporeer te word;

(*e*) sy registrasie as 'n maatskappy in Engeland na sy registrasie as 'n maatskappy ingevolge Hoofstuk 1 van die Maatskappywet, 1926, in ooreenstemming met die wette van Engeland beëindig sal word;

(*f*) by alle dokumente wat vir sy registrasie as 'n maatskappy ingevolge Hoofstuk 1 van die Maatskappywet, 1926, nodig is, by die Registrateur ingedien en alle gelde en regte wat vir die doeleindes van registrasie betaalbaar is, bepaal het;

(*g*) the company has complied with all requirements deemed necessary by the Registrar of Companies; and

(*h*) that the company should be registered as a company under Chapter 1 of the Companies Act, 1926:

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 201A (2) of the Companies Act, 1926, I hereby proclaim that The Durban Navigation Collieries Limited, shall be deemed, with effect from the date of termination of its registration as a company in England, to be a company incorporated under Chapter 1 of the Companies Act, 1926.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Fourteenth day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. J. FOUCHÉ,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. F. W. HAAK.

No. 322, 1968

KOSTER RIVER IRRIGATION DISTRICT, DISTRICT OF RUSTENBURG, TRANSVAAL.—CONSTITUTION

Whereas the State President may, in terms of section 74 (1) of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), declare an area proclaimed a Government water control area, to be an irrigation district;

And whereas it is desirable to hand the control of the Koster River Dam and the Koster River below the said dam, within the boundaries of the Koster River Government Water Control Area, over to an irrigation board;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in the State President by section 74 (1) of the said Act, I do hereby declare that the farms Tweerivier 253 JQ, Rietfontein 394 JP, Wysfontein 427 JP and Waterval 428 JP, District of Rustenburg, Transvaal, shall constitute an irrigation district known as the Koster River Irrigation District;

And under and by virtue of the powers vested in the State President by section 79 (1) of the said Act, I hereby further declare that there shall be an irrigation board for the said irrigation district to be styled the Koster River Irrigation Board.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Fifth day of April, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

D. C. H. UYS.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE

No. 1940 25 October 1968

PROPOSED LEASE OF A SITE FOR A JETTY ON THE KNYSNA LAGOON FRONTING ERF 1522, EASTFORD, DIVISION OF KNYSNA

Notice is hereby given, in terms of section 3 (5) of the Sea-shore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935), that the Minister of Agriculture intends to lease a site measuring four feet

(*g*) hy aan al die vereistes wat die Registrateur nodig ag, voldoen het; en dat

(*h*) hy kragtens Hoofstuk 1 van die Maatskappywet, 1926, as 'n maatskappy geregistreer behoort te word:

So is dit dat ek hierby kragtens artikel 201A (2) van die Maatskappywet, 1926, proklameer dat The Durban Navigation Collieries Limited geag word, met ingang van die datum van beëindiging van sy registrasie as 'n maatskappy in Engeland, 'n maatskappy te wees wat ingevolge Hoofstuk 1 van die Maatskappywet, 1926, geïnkorporeer is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Veertiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

J. F. W. HAAK.

No. 322, 1968

KOSTERRIVIER-BESPROEIINGSDISTRIK, DISTRIK RUSTENBURG, TRANSVAAL.—INSTELLING

Nademaal die Staatspresident kragtens artikel 74 (1) van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), 'n gebied wat tot 'n staatswaterbeheergebied geproklameer is, tot 'n besproeiingsdistrik kan verklaar;

En nademaal dit wenslik is om die beheer oor die Kosterrivierdam en die Kosterrivier benede genoemde dam, binne die grense van die Kosterrivier-staatswaterbeheergebied, aan 'n besproeiingsraad oor te dra;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid aan die Staatspresident verleen by artikel 74 (1) van genoemde Wet, hierby verklaar dat die plase Tweerivier 253 JQ, Rietfontein 394 JP, Wysfontein 427 JP en Waterval 428 JP, distrik Rustenburg, Transvaal, 'n besproeiingsdistrik uitmaak wat bekend staan as die Kosterrivier-besproeiingsdistrik;

En voorts verklaar ek hierby, kragtens die bevoegdheid aan die Staatspresident verleen by artikel 79 (1) van genoemde Wet, dat daar vir genoemde besproeiingsdistrik 'n Besproeiingsraad is wat as die Kosterrivier-besproeiingsraad bekend staan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vyfde dag van April Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

D. C. H. UYS.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT

No. 1940 25 Oktober 1968

VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N TERREIN VIR 'N AANLÊSTEIER IN DIE KNYSNA-STRANDMEER VOOR ERF 1522, EASTFORD, AFDELING KNYSNA

Hierby word ingevolge artikel 3 (5) van die Strandwet, 1935 (Wet No. 21 van 1935), bekendgemaak dat die Minister van Landbou van voorneme is om 'n terrein,

by 260 feet below the high water mark in the Knysna lagoon and fronting Erf 1522, Eastford, to Mr A. J. Mills, for the erection of a jetty.

A locality sketch lies open for inspection at the office of the Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure, Aquilla Building, 157 Schoeman Street, Pretoria.

Agricultural Credit and Land Tenure.
D(K) 23742/52.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. 1950 25 October 1968

ESTABLISHMENT OF A BANTU LABOUR CONTROL BOARD.—MAGUDU

Under the powers vested in me by section 28 *bis* (1) of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Administration and Development, do hereby declare that as from the date of publication hereof a Bantu Labour Control Board shall be established for the area under the jurisdiction of the Assistant Magistrate, Magudu, as defined in Government Notice No. 938 of 9 May 1947.

M. C. BOTHA,
Minister of Bantu Administration and Development.

No. 1951 25 October 1968

ABOLITION OF THE VILLAGE OF SOTO SITUATE ON KWENXURA TRUST FARMS IN RELEASED AREA 36, DISTRICT OF KOMGA, CAPE PROVINCE

Under and by virtue of the powers vested in me by section 12 (1) of Chapter I of the regulations published under Proclamation No. R. 293 of 1962, I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Administration and Development, hereby abolish with effect from the date of publication hereof, the village of Soto, situated on Kwenxura Trust Farms in Released Area 36, District of Komga, Cape Province, proclaimed by Government Notice No. 1391, dated 13 September 1957.

Government Notice No. 1391, dated 13 September 1957, is hereby repealed.

M. C. BOTHA,
Minister of Bantu Administration and Development.

(File No. T60/4/1489/2.)

No. 1954 25 October 1968

PRESCRIBED AREA OF THE DIVISIONAL COUNCIL OF PORT ELIZABETH WHICH FALLS WITHIN THE MAGISTERIAL DISTRICT OF HANKEY

I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, hereby declare on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development under the powers vested in him by section

groot vier voet by 260 voet benede hoogwatermerk, in die Knysnastrandmeer en geleë voor Erf 1522, Eastford, vir die oprigting van 'n aanlêsteier aan mnr. A. J. Mills te verhuur.

'n Liggingsplan lê ter insae in die kantoor van die Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit, Aquilagebou, Schoemanstraat 157, Pretoria.

Landboukrediet en Grondbesit.
D(K) 23742/42.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. 1950 25 Oktober 1968

INSTELLING VAN 'N BANTOE-ARBEIDSBEHEERRAAD.—MAGUDU

Kragtens die bevoegheid my verleen by artikel 28 *bis* (1) van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), verklaar ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby dat met ingang van die datum van publikasie hiervan 'n Bantoe-arbeidsbeheerraad vir die gebied onder die regsmag van die Assistent-landdros, Magudu, soos omskryf in Goewermentskennisgewing No. 938 van 9 Mei 1947, ingestel word.

M. C. BOTHA,
Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

No. 1951 25 Oktober 1968

AFSKAFFING VAN DIE DORP SOTO GELEË OP KWENXURA-TRUSTPLASE IN OOPGESTELDE GEBIED 36, DISTRIK KOMGA, KAAPPROVINSIE

Ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 12 (1) van Hoofstuk I van die regulasies afgekondig by Proklamasie No. R. 293 van 1962, skaf hierby die dorp Soto, geleë op Kwenxura-trustplase in Oopgestelde Gebied 36, distrik Komga, Kaapprovinsie, geproklameer by Goewermentskennisgewing No. 1391 van 13 September 1957, af met ingang van die datum van afkondiging hiervan.

Goewermentskennisgewing No. 1391, van 13 September 1957, word hierby ingetrek.

M. C. BOTHA,
Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

(Lêer No. T60/4/1489/2.)

No. 1954 25 Oktober 1968

VOORGESKREWE GEBIED VAN DIE AFDELINGSRAAD VAN PORT ELIZABETH WAT BINNE DIE LANDDROSDISTRIK VAN HANKEY VAL

Ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Adjunkminister van Bantoe-administrasie en -onderwys, verklaar hierby namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by

9 *bis* (1) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), and after consultation with the Divisional Council of Port Elizabeth, that, with effect from the first day of the month following that in which publication hereof takes place—

(*a*) the area defined in the Schedule hereto shall be a prescribed area for the purposes of the said Act, the Bantu Labour Act, 1964 (Act No. 67 of 1964), and the regulations made thereunder;

(*b*) the Divisional Council of Humansdorp shall have jurisdiction in the said prescribed area for the purposes of the administration of the said Acts and regulations.

P. G. J. KOORNHOF,
Deputy Minister of Bantu Administration and Education.

(C. 39/7/1967.)

SCHEDULE

From the point of confluence of the Loerie and Gamtoos Rivers up the middle of the last-mentioned river to the point where it is intersected by the northern boundary of the farm Bosch Hoek (Hu.Q.5.25); thence in a westerly direction along the northern boundary of the last-mentioned farm and the boundaries of the following farms, so as to include them in this area: Buffelshoek (Uit.Q.5a.20), Roode Fontein (Uit.Q.10.6), Bosch Bok Hoek (Hu.Q.2.11), Klein Fontein (Uit.Q.1.9), Gamtoos Rivier's Wagendrift (Uit.Q.1.48), Klein Rivier (A.T.Hu.Q.3.16), Oude Bosch Kloof (Hu.Q.3.8), Honey Clough (Uit.Q.5b.83), Hankey Forest Reserve 3 (Diagram B230/1891—G.N. 869/1896), Rylstone (Diagram B229/1891), Southernhay (Diagram B231/1891), Blueberg (Diagram B233/1891)—the last three properties being Sub-reserves (*e*), (*d*) and (*h*) of Hankey Forest Reserve XII, respectively (U.G.N. 829/1924)—Lot 21, Stinkhout Bosch, being Hankey Forest Reserve 1 (Diagram B237/1891—G.N. 869/1896), Upton (Uit.Q.14.14), Morton (Uit.Q.15.11), Watershed (Uit.F.11.25), Van Stadens River East Lot A (Uit.Q.16.3), Subdivision B Annex (Grant 154/1934), the said Van Stadens River East Lot A and Witteklip (Uit.Q.4.29) to the northernmost beacon of Lot XI (Uit.Q.12.19); thence in a southerly direction along the boundaries of the last-mentioned property, so as to exclude it from this area, to where the south-western boundary thereof is intersected by a spruit of the Van Standens River; thence along the middle of the said spruit and the middle of the said Van Stadens River to where it intersects the low-water mark of the sea; thence in a general westerly direction along the said low-water mark of the sea to a point where it is intersected by the middle of the Gamtoos River; thence in a general north-westerly direction up the middle of the said Gamtoos River to the point first named.

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

No. 1943 25 October 1968

RENTS ACT, 1950.—ABSOLUTE DISSOLUTION OF THE SWELLENDAM RENT BOARD

It is hereby notified for general information that the Minister of Community Development, by virtue of section 4 (2) (*a*) of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), dissolved the Swellendam Rent Board constituted for the area mentioned in Government Notice No. 439, dated 13 March 1942, with effect from 1 December 1968.

artikel 9 *bis* (1) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), en na oorlegpleging met die Afdelingsraad van Port Elizabeth, dat met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op dié waarin afkondiging hiervan geskied—

(*a*) die gebied in die Bylae hiervan omskryf, 'n voorgeskrewe gebied is vir doeleindes van genoemde Wet, die Wet op Bantoe-arbeid, 1964 (Wet No. 67 van 1964), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig;

(*b*) die Afdelingsraad van Humansdorp vir doeleindes van die uitvoering van genoemde Wette en regulasies in genoemde voorgeskrewe gebied regsbevoegdheid het.

P. G. J. KOORNHOF,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys.

(C. 39/7/1967.)

BYLAE

Vanaf die punt van samevloeiing van die Loerie- en die Gamtoosrivier met die middel van laasgenoemde rivier op tot by die punt waar dit deur die noordelike grens van die plaas Bosch Hoek (Hu.Q.5.25) gekruis word; daarvandaan in 'n westelike rigting met die noordelike grens van laasgenoemde plaas en die grense van die volgende plase langs, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Buffelshoek (Uit.Q.5a.20), Roode Fontein (Uit.Q.10.6), Bosch Bok Hoek (Hu.Q.2.11), Klein Fontein (Uit.Q.1.9), Gamtoos Rivier's Wagendrift (Uit.Q.1.48), Klein Rivier (A.T.Hu.Q.3.16), Oude Bosch Kloof (Hu.Q.3.8), Honey Clough (Uit.Q.5b.83), Hankey-bosreservaat 3 (Kaart B230/1891—G.K. 869/1896), Rylstone (Kaart B229/1891), Southernhay (Kaart B231/1891), Blueberg (Kaart B233/1891)—laasgenoemde drie eiendomme is onderskeidelik subreservate (*e*), (*d*) en (*h*) van Hankey-bosreservaat XII (U.G.K. 829/1924)—Perseel 21, Stinkhout Bosch wat Hankey-bosreservaat 1 is (Kaart B237/1891—G.K. 869/1896), Upton (Uit.Q.14.14), Morton (Uit.Q.15.11), Watershed (Uit.F.11.5), Van Stadens River East Lot A (Uit.Q.16.3), Onderverdeling B Annex (Toekenning 154/1934), genoemde Van Stadens River East Lot A en Witteklip (Uit.Q.4.29) tot by die noordelikste baken van Lot XI (Uit.Q.12.19); daarvandaan in 'n suidelike rigting met die grense van laasgenoemde eiendom langs, sodat dit uit hierdie gebied uitgesluit word, tot waar die suidwestelike grens daarvan deur 'n spruit van die Vanstadensrivier gekruis word; daarvandaan met die middel van genoemde spruit en die middel van genoemde Vanstadensrivier langs tot waar dit die laagwatermerk van die see kruis; daarvandaan in 'n algemene westelike rigting met genoemde laagwatermerk van die see langs tot by 'n punt waar dit deur die middel van die Gamtoosrivier gekruis word; daarvandaan in 'n algemene noordwestelike rigting met die middel van genoemde Gamtoosrivier op tot by eersgenoemde punt.

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU

No. 1943 25 Oktober 1968

WET OP HUURGELDE, 1950.—ALGEHELE ONTBINDING VAN DIE SWELLENDAM HUURRAAD

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gemeenskapsbou, kragtens artikel 4 (2) (*a*) van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), die Swellendam Huurraad ingestel vir die gebied in Goewermentskennisgewing No. 439, gedateer 13 Maart 1942 gemeld, met ingang van 1 Desember 1968 ontbind het.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 1964 25 October 1968

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from 1 November 1968 to 1 December 1968, both days inclusive, and that the interest due on the 1st December 1968, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the transfer books: —

3½ Per Cent Local Registered Stock, 1953/73.
4¼ Per Cent Local Registered Stock, 1974.
5⅜ Per Cent Local Registered Stock, 1980.
5⅞ Per Cent Local Registered Stock, 1981.
3 Per Cent Local Registered Stock, 1961/71.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 1964 25 Oktober 1968

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 1 November 1968 tot en met 1 Desember 1968, gesluit sal wees en dat die rente betaalbaar op 1 Desember 1968 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word: —

Plaaslike Geregistreerde 3½-persenteffekte, 1953/73.
Plaaslike Geregistreerde 4¼-persenteffekte, 1974.
Plaaslike Geregistreerde 5⅜-persenteffekte, 1980.
Plaaslike Geregistreerde 5⅞-persenteffekte, 1981.
Plaaslike Geregistreerde 3-persenteffekte, 1961/71.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS

No. 1960 25 October 1968

The State President has been pleased to grant recognition on 26 September 1968 to Mr Domenico Olivieri as Honorary Consular Agent of Italy in East London with the Magisterial Districts of Peddie, Victoria East, Fort Beaufort, Adelaide, Bedford, Tarkastad, Maraisburg, Steynsburg, Venterstad, Albert, Aliwal North, Lady Grey and Herschel and all the Magisterial Districts to the east thereof in the Cape of Good Hope, as well as the Transkei as his area of jurisdiction. Mr Domenico Olivieri is the successor to Mr Giuseppe Olivieri.

No. 1961 25 October 1968

With reference to Government Notice No. 1168, dated 5 August 1960, it is hereby notified that Mr Frode Munthesen, who was appointed Vice-Consul of Denmark in Johannesburg, has ceased to act in that capacity in the Republic of South Africa.

No. 1962 25 October 1968

The State President has been pleased to grant on 2 October 1968, recognition to Mr Ivo Silva de Amorim Cordeiro as Vice-Consul of Portugal in Johannesburg with the Provinces of the Transvaal and the Orange Free State as his area of jurisdiction.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

No. 1960 25 Oktober 1968

Dit het die Staatspresident behaag om op 26 September 1968 erkenning aan mnr. Domenico Olivieri te verleen as Ere-konsulêre Agent van Italië in Oos-Londen met die landdrosdistrikte Peddie, Victoria-Oos, Fort Beaufort, Adelaide, Bedford, Tarkastad, Maraisburg, Steynsburg, Venterstad, Albert, Aliwal-Noord, Lady Grey en Herschel en al die landdrosdistrikte ten ooste daarvan in die Kaap die Goeie Hoop, asook die Transkei as sy regsgebied. Mnr. Domenico Olivieri is die opvolger van mnr. Giuseppe Olivieri.

No. 1961 25 Oktober 1968

Met verwysing na Goewermentskennisgewing No. 1168 van 5 Augustus 1960, word hierby bekendgemaak dat mnr. Frode Munthesen, wat as Vise-konsul van Denemarke in Johannesburg aangestel was, nie langer in daardie hoedanigheid in die Republiek van Suid-Afrika optree nie.

No. 1962 25 Oktober 1968

Dit het die Staatspresident behaag om op 2 Oktober 1968, erkenning aan mnr. Ivo Silva de Amorim Cordeiro te verleen as Vise-konsul van Portugal in Johannesburg met die provinsies Transvaal en die Oranje-Vrystaat as sy regsgebied.

DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION

No. 1945 25 October 1968

COMMISSION OF INQUIRY INTO THE TRAINING OF LAND SURVEYORS

The State President has been pleased to appoint Harold Anson Ruddock (vice Alfonso Emil Burger) a member of the Commission of Inquiry into the Training of Land Surveyors in the Republic of South Africa and the Territory of South West Africa, as announced by Proclamation No. 135 of 1964.

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS.

No. 1945 25 Oktober 1968

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE OPLEIDING VAN LANDMETERS

Dit het die Staatspresident behaag om Harold Anson Ruddock as lid (in die plek van Alfonso Emil Burger) van die Kommissie van Ondersoek na die Opleiding van Landmeters in die Republiek van Suid-Afrika en die Gebied Suidwes-Afrika, soos bekendgemaak by Proklamasie No. 135 van 1964, aan te stel.

DEPARTMENT OF HEALTH

No. 1928 25 October 1968

FOOD, DRUGS AND DISINFECTANTS ACT, No. 13 OF 1929.—ENFORCEMENT BY LOCAL AUTHORITIES, VOLKSRUST

The Minister of Health, in terms of section 43 (2) of the Food, Drugs and Disinfectants Act, 1929 (Act No. 13 of 1929), and at the request of the Volksrust Municipality under section 2 (3) of the said Act, hereby amends Government Notice No. 666, dated 11 April 1930, by the addition of the following to the list of local authorities published thereunder:—

Name of local authority—Volksrust Municipality.

No. of samples—18.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. 1928 25 Oktober 1968

WET OP VOEDINGSMIDDELS, MEDISYNE EN ONTSMETTINGSMIDDELS, No. 13 VAN 1929.—TOEPASSING DEUR PLAASLIKE OWERHEDE, VOLKSRUST

Die Minister van Gesondheid wysig hierby kragtens artikel 43 (2) van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, 1929 (Wet No. 13 van 1929), en op versoek van die Munisipaliteit van Volksrust kragtens artikel 2 (3) van genoemde Wet, Goewermentskennisgewing No. 666 van 11 April 1930 deur onderstaande by die lys van plaaslike owerhede wat by genoemde kennisgewing gepubliseer is, te voeg:—

Naam van plaaslike owerheid—Munisipaliteit van Volksrust.

Getal monsters—18.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR

No. 1959 25 October 1968

CHANGE OF SURNAME.—SECTION 9 OF THE ALIENS ACT, 1937—RADFORD TO GRAFF-RADFORD

The State President has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Adrian Stanley Graff Radford, Neill Raoul Graff Radford, Jillian Margot Graff Radford and Steven Bruce Graff Radford, residing at 37 The Valley Road, Parktown, Johannesburg, to assume the surname of Graff-Radford.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 1959 25 Oktober 1968

VANSVERANDERING.—ARTIKEL 9 VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937—RADFORD IN GRAFF-RADFORD

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Adrian Stanley Graff Radford, Neill Raoul Graff Radford, Jillian Margot Graff Radford en Steven Bruce Graff Radford, woonagtig te The Valley Road 37, Parktown, Johannesburg, te magtig om die van Graff-Radford aan te neem.

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 1925 25 October 1968

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION 10 *TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950), AS AMENDED

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section 10 *ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of section 9 (1) of the said Act whereby the undermentioned person were prohibited from attending gatherings:—

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 1925 25 Oktober 1968

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 10 *TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10 *ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge artikel 9 (1) van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persoon verbied is om byeenkomste by te woon:—

Name Naam	Address mentioned in notice Adres in kennisgewing vermeld	Date on which notice takes effect Datum waarop kennisgewing in werking tree	Date on which notice expires Datum waarop kennisgewing verstryk
Sibande, Cleopas.....	639 Dube Street/-straat, Wattville Location/-lokasie, Benoni	30/9/68	30/9/73

No. 1926 18 October 1968

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION 10 *TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950), AS AMENDED

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section 10 *ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of section 9 (1) of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings:—

No. 1926 18 Oktober 1968

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 10 *TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10 *ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge artikel 9 (1) van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon:—

Name Naam	Address mentioned in notice Adres in kennisgewing vermeld	Date on which notice was delivered Datum waarop kennisgewing oorhandig is	Date on which notice expires Datum waarop kennisgewing verstryk
Matome, Patrick.....	73 Komane Street/-straat, Atteridgeville, Pretoria....	31/8/68	30/9/70
Nangu, Sipo Grey.....	48 Naude Street/-straat, New Brighton, Port Elizabeth...	9/9/68	30/9/70
Nthute, Sephapho Samuel.....	2350 Sharpeville Bantu Township/-Bantoedorp, Vereeniging	10/9/68	30/9/70

DEPARTMENT OF MINES

No. 1942 25 October 1968

PROPOSED DEPROCLAMATION OF LAND

It is the intention of the State President, under the powers vested in him by section 44 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act No. 20 of 1967), to deproclaim as a public digging for precious metals the land described in the attached schedule and shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Barberton, under R.M.T. R32/68.

SCHEDULE

Description of land	*Extent*	*Registered owner*
Portion of Portion 1 of the farm Dientje 453 KT, District of Pilgrim's Rest, Mining District of Barberton, Transvaal Province	Approximately 218·3669 morgen	South African Bantu Trust.

No. 1944 25 October 1968

STATE LAND WITHDRAWN FROM PUBLIC PROSPECTING

The Deputy Minister of Mines, acting on behalf of the Minister of Mines, has in terms of section 10 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act No. 20 of 1967), withdrawn from public prospecting for precious metals and base minerals, as from the date of publication hereof in the *Government Gazette*, certain State land situated in the Province of Natal and details of which appear in the Schedule hereto.

M.M. 11/4563a.o.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 1942 25 Oktober 1968

VOORGENOME DEPROKLAMERING VAN GROND

Die Staatspresident is voornemens om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 44 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet No. 20 van 1967), die grond in bygaande bylae beskryf en aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Barberton, onder R.M.T. R32/68 bewaar word, te deproklameer as 'n publieke delwery vir edelmetale.

BYLAE

Beskrywing van grond	*Grootte*	*Geregistreerde eienaar*
Gedeelte van Gedeelte 1 van die plaas Dientje 453 KT, distrik Pelgrimsrus, myndistrik Barberton, provinsie Transvaal	Ongeveer 218·3669 morg	Suid-Afrikaanse Bantoetrust.

No. 1944 25 Oktober 1968

STAATSGROND ONTTREK AAN OPENBARE PROSPEKTERING

Die Adjunk-minister van Mynwese, handelende namens die Minister van Mynwese, het met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*, sekere Staatsgrond geleë in die provinsie Natal en waarvan besonderhede in die bygaande Bylae gemeld word, aan openbare prospektering na edelmetale en onedele minerale onttrek kragtens artikel 10 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet No. 20 van 1967).

M.M. 11/4563e.a.

SCHEDULE

Description of land	*Extent*	*S.G.O. diagram No.*
1. The following subdivisions of the farm Bulwerton 4315, District of New Castle:—		
(i) 6 of B	10·0006 acres..	289/1938
(ii) C	130 acres 2 roods 31·42 perches	Sub. Vol. 279, Fol. 28
(iii) Remainder	147 acres 1 rood 2·89 perches	G.V. 74, Fol. 32
2. Torsa 5858, District of Dundee	150 acres 2 roods 2¼ perches	G.V. 127/8
3. The following lots of the farm Jubilee (No. 1) 9642, District of Dannhauser:—		
(i) 13	12 acres 2 roods 11·50 perches	Vol. 601, Fol. 34
(ii) 21	33 acres 29 perches	Vol. 601, Fol. 42
(iii) 23	20 acres 3 roods	Vol. 601, Fol. 44
4. The following subdivisions of the farm Gardens 7239, District of Dannhauser:—		
(i) 15	1 acre	S.V. 147, Fol. 34
(ii) 31	1 acre	S.V. 147, Fol. 50
(iii) 36	1 acre	S.V. 147, Fol. 55
(iv) 37	1 acre	S.V. 147, Fol. 56
(v) 39	1 acre	S.V. 147, Fol. 58
(vi) 42	1 acre	S.V. 147, Vol. 61
(vii) 43	1 acre	S.V. 147, Fol. 62
(viii) 48	1 acre	S.V. 147, Fol. 67
(ix) 50	1 acre	S.V. 336, Fol. 69
(x) 60	1 acre	S.V. 147, Fol. 79
(xi) 68	1 acre	S.V. 147, Fol. 87
(xii) 70	1 acre	S.V. 147, Fol. 89
(xiii) 71	1 acre	S.V. 147, Fol. 90
(xiv) 123 of 87	2 acres 37·48 perches	S.V. 711, Fol. 5
(xv) 126 of 91	1 acre 2 roods 13·47 perches	S.V. 757, Fol. 41
(xvi) 97	3 acres 2 roods 14·27 perches	S.V. 336, Fol. 36
(xvii) 94	16 acres 32 perches	S.V. 336, Fol. 33
(xviii) 102	29 acres 1 rood 16·8 perches	S.V. 336, Fol. 41
(xix) 104	17 acres 1 rood 10 perches	S.V. 336, Fol. 43
(xx) Remainder of 105	15 acres 2 roods 21·89 perches	S.V. 336, Fol. 44
5. The following subdivisions of the farm Crane Valley 7576, District of Dannhauser:—		
(i) 1	6 acres 1 rood 20·8 perches	S.V. 336, Fol. 46
(ii) 2	28 acres 1 perch	S.V. 336, Fol. 47
(iii) 3	2 roods 32 perches	S.V. 336, Fol. 48
(iv) 4	2 roods 32 perches	S.V. 336, Fol. 49
(v) Remainder of 16	6·0918 acres...	S.V. 336, Fol. 61
(vi) 17	14 acres 1 rood 24·16 perches	S.V. 336, Fol. 62
(vii) 28	35 acres 3 roods 30 perches	S.V. 336, Fol. 73
(viii) 21	1 acre 25·28 perches	S.V. 336, Fol. 66

BYLAE

Beskrywing van grond	*Grootte*	*S.G.O. kaartno.*
1. Die volgende onderverdelings van die plaas Bulwerton 4315, distrik Newcastle:—		
(i) 6 van B	10·0006 acres..	289/1938
(ii) C	130 acres 2 roede 31·42 perches	Sub. Vol. 279, Fol. 28
(iii) Restant	147 acres 1 roede 2·89 perches	G.V. 74, Fol. 32
2. Trosa 5858, distrik Dundee	150 acres 2 roede 2¼ perches	G.V. 127/8
3. Die volgende persele op Jubilee (No. 1) 9642, distrik Dannhauser:—		
(i) 13	12 acres 2 roede 11·50 perches	Vol. 601, Fol. 34
(ii) 21	33 acres 29 perches	Vol. 601, Fol. 42
(iii) 23	20 acres 3 roede	Vol. 601, Fol. 44
4. Die volgende onderverdelings van die plaas Gardens 7239, distrik Dannhauser:—		
(i) 15	1 acre	S.V. 147, Fol. 34
(ii) 31	1 acre	S.V. 147, Fol. 50
(iii) 36	1 acre	S.V. 147, Fol. 55
(iv) 37	1 acre	S.V. 147, Fol. 56
(v) 39	1 acre	S.V. 147, Fol. 58
(vi) 42	1 acre	S.V. 147, Fol. 61
(vii) 43	1 acre	S.V. 147, Fol. 62
(viii) 48	1 acre	S.V. 147, Fol. 67
(ix) 50	1 acre	S.V. 336, Fol. 69
(x) 60	1 acre	S.V. 147, Fol. 79
(xi) 68	1 acre	S.V. 147, Fol. 87
(xii) 70	1 acre	S.V. 147, Fol. 89
(xiii) 71	1 acre	S.V. 147, Fol. 90
(xiv) 123 van 87	2 acres 37·48 perches	S.V. 711, Fol. 5
(xv) 126 van 91	1 acre 2 roede 13·47 perches	S.V. 757, Fol. 41
(xvi) 97	3 acres 2 roede 14·27 perches	S.V. 336, Fol. 36
(xvii) 94	16 acres 32 perches	S.V. 336, Fol. 33
(xviii) 102	29 acres 1 roede 16·8 perches	S.V. 336, Fol. 41
(xix) 104	17 acres 1 roede 10 perches	S.V. 336, Fol. 43
(xx) Restant van 105	15 acres 2 roede 21·89 perches	S.V. 336, Fol. 44
5. Die volgende onderverdelings van die plaas Crane Valley 7576, distrik Dannhauser:—		
(i) 1	6 acres 1 roede 20·8 perches	S.V. 336, Fol. 46
(ii) 2	28 acres 1 perch	S.V. 336, Fol. 47
(iii) 3	2 roede 32 perches	S.V. 336, Fol. 48
(iv) 4	2 roede 32 perches	S.V. 336, Fol. 49
(v) Restant van 16	6·0918 acres...	S.V. 336, Fol. 61
(vi) 17	14 acres 1 roede 24·16 perches	S.V. 336, Fol. 62
(vii) 28	35 acres 3 roede 30 perches	S.V. 336, Fol. 73
(viii) 21	1 acre 25·28 perches	S.V. 336, Fol. 66

Description of land	*Extent*	*S.G.O. diagram No.*
(ix) Remainder of 57.....	21·7405 acres..	S.V. 336, Fol. 66
(x) 30.....	27 acres 1 rood 20·56 perches	S.V. 336, Fol. 75
(xi) 31.....	3 acres 2 roods 32 perches	S.V. 336, Fol. 76
(xii) 32.....	37 acres 3 roods 30 perches	S.V. 336, Fol. 77
(xiii) 40.....	30 acres 22·40 perches	S.V. 336, Fol. 85
(xiv) 78 of 73.....	2·7834 acres...	S.V. 853, Fol. 7
(xv) 79 of 54.....	25·8020 acres..	S.V. 889, Fol. 9
(xvi) 75 of 11.....	16 acres 24 perches	V. 679, Fol. 31
(xvii) 51.....	2 acres.....	S.V. 336, Fol. 96
(xviii) 95 of 37.....	10·2917 acres..	5241/51
(xix) 49.....	1 acre 1 rood..	S.V. 336, Fol. 94

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1946 25 October 1968

It is hereby notified that the State President, in terms of the rules published under Government Notice No. 2004 of the 27th December 1963, approved of the following South African citizen accepting the foreign award of honour indicated opposite her name and of her wearing the insignia thereof on suitable occasions: —

Elizabeth Johanna von Mollendorf: "Presidential Order of Meritorious Service" (Botswana).

No. 1947 25 October 1968

It is hereby notified that the State President, in terms of the rules published under Government Notice No. 2004 of the 27th December 1963, approved of the following South African citizen accepting the foreign award of honour indicated opposite her name: —

Gladys Jane Khunou: "Presidential Certificate of Honour" (Botswana).

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

No. 1835 11 October 1968

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (*a*) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT No. 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT No. 71 OF 1965

It is hereby notified, in terms of section 60 (2) (*a*) (ii) of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), as amended, that the Minister of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by subsection (1) of section 60 of the said Act, decided to expropriate or appropriate the following rights over the land described hereunder in connection with the Olifants River Government Water Scheme.

The Notice of Expropriation or Appropriation of the rights was served by registered letter, dated 10 July 1968, on the registered owner and the said rights shall vest in the State three months from the date on which the notice is received by the owner.

Beskrywing van grond	*Grootte*	*S.G.O. kaartno.*
(ix) Restant van 57.....	21·7405 acres..	S.V. 336, Fol. 102
(x) 30.....	27 acres 1 roede 20·56 perches	S.V. 336, Fol. 75
(xi) 31.....	3 acres 2 roede 32 perches	S.V. 336, Fol. 76
(xii) 32.....	37 acres 3 roede 30 perches	S.V. 336, Fol. 77
(xiii) 40.....	30 acres 22·40 perches	S.V. 336, Fol. 85
(xiv) 78 van 73.....	2·7834 acres...	S.V. 853, Fol. 7
(xv) 79 van 54.....	25·8020 acres..	S.V. 889, Fol. 9
(xvi) 75 van 11.....	16 acres 24 perches	F. 679, Fol. 31
(xvii) 51.....	2 acres.....	S.V. 336, Fol. 96
(xviii) 95 van 37.....	10·2917 acres..	5241/51
(xix) 49.....	1 acre 1 roede..	S.V. 336, Fol. 94

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1946 25 Oktober 1968

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident, ingevolge die reëls afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2004 van 27 Desember 1963, goedgekeur het dat die volgende Suid-Afrikaanse burger die vreemde eerbewys, teenoor haar naam aangedui, aanvaar en die onderskeidingsteken daarvan by gepaste geleenthede dra:—

Elizabeth Johanna von Mollendorf: „Presidential Order of Meritorious Service" (Botswana).

No. 1947 25 Oktober 1968

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident, ingevolge die reëls afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2004 van 27 Desember 1963, goedgekeur het dat die volgende Suid-Afrikaanse burger die vreemde eerbewys, teenoor haar naam aangedui, aanvaar:—

Gladys Jane Khunou: „Presidential Certificate of Honour" (Botswana).

DEPARTEMENT VAN WATERWESE

No. 1835 11 Oktober 1968

KENNISGEWING VAN ONTEIENING OF TOEEIENING VAN REGTE KRAGTENS ARTIKEL 60 (2) (*a*) (ii) VAN DIE WATERWET, 1956 (WET No. 54 VAN 1956), SOOS GEWYSIG BY WET No. 71 VAN 1965

Hierby word kragtens die bepalings van artikel 60 (2) (*a*) (ii) van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artkel 60 van genoemde Wet, besluit het om die volgende regte op die grond hieronder genoem te onteien of toe te eien in verband met die Olifantsrivier-staatswaterskema.

Die Kennisgewing van Onteiening of Toeëiening van die regte is per geregistreerde brief, gedateer 10 Julie 1968, aan die geregistreerde eienaar beteken en genoemde regte gaan drie maande na die datum waarop die kennisgewing die eienaar bereik, op die Staat oor.

Description of land	*Rights expropriated or appropriated*
Portion 2 of the farm Zypherfontein West, Division of Clanwilliam, measuring 482·7628 morgen, held by Deed of Transfer 17222, registered on 28 November 1957	Servitude of aqueduct.

11–18–25

No. 1836 11 October 1968

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (*a*) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT No. 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT No. 71 OF 1965

